NOORD-BOLAND

# SAWA Noord-Boland Kampnuus

## (Wolvenberg Boskamp)

**Jaargang 44, Kampnuus 2**
**Februarie 2026**





## Bestuur – 2025/26

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Voorsitter** | Marius van der Mescht | 083 651 8547 | alma.marius@gmail.com |
| **Ondervoorsitter** | Johan Zaayman | 084 682 8934 | stuworcester@gmail.com |
| **Sekretaresse** | Elzané Kellerman-Schietekat | 082 078 1558 | elzanekellerman@gmail.com |
| **Penningmeester** | Louise de Wet | 084 941 1993 | finance@norsa.org |
| **Skakelbeampte** | Marina Swart | 060 989 2458 | marinaswrt@gmail.com |
| **Addisionele Lid** | Estie Viljoen | 082 415 5052 | estiedekock@gmail.com |
| **Addisionele Lid** | Filipe Valverde | 082 569 4881 | valverde.filipe@gmail.com |

**Inhoud** : Inleiding / Voorsitter... / Kampnuus / Kampprogram



# *Inleiding*

***Goeiedag almal,***

*En so is dit tyd vir ons tweede Kampnus dié jaar. Ons het die naweek van 13-15 Februarie te Wolvenberg 'n "vol" Saamtrek geniet. Die kampterrein is naby Rawsonville, in die Goudyn area van die Breedekloofvallei; tussen die wingerde en met lieflike uitsigte van die Breedekloofberge. In die skadu van Wolvenberg se bloekomboombos het ons die koel (amper koud) weer geniet. Die Noord-Bolanders het omtrent baljaar, ge-"bos-jacuzzi" en ge-potjie! Sien onder vir bewyse!*

***Filipe***



# *Voorsitter ....*

***Goeiedag Sawanante,***

*Die afgelope toeka-naweek was weereens 'n groot sukses met n groot groep jong mense wat kom saamkamp het; vir almal wil ek hartlik bedank. Baie, baie dankie.*

***Kom Ons-Kamp-Net - Marius***



# Kampnuus - Wolvenberg

Streke Noord-Boland en Helderberg het die naweek van 13-15 Februarie '26 by Wolvenberg, Rawsonville gaan Saamtrek; deur Noord-Boland gereël en met ***Toeka-se-Dae*** as die hooftema. Dankie aan Marius en sy span vir al die harde werk - vooraf en tydens; aan ons hoofsjefs Marius vd M / Johan Z en Wouter en die geesdriftige assistente met die kosvoorbereidings; aan ons borge Christo vd Mescht, Sailor Viljoen, Vincent (Tent Clinic) en Adriaan Botha (Baas-van-die-Plaas) vir die Ford Trekker en die ongelooflike gasvryheid.

Weereens het van ons al die ***Donderdag*** opgedaag, en ander weer het tot na die naweek aangebly. Ons het hierdie naweek besoekers van 'n ander stoffasie gehad; wat mens nie sommer by 'n SAWA saamtrek kry nie. Hulle was verteenwoordigers van die Black Widow motorfiets klub (Black Widow MCC Cape Town). Wat 'n lewendige bydrae het dié jongmense tot die kampgees gemaak! Hoop ons kan weer so maak.

🎪 **TOEKA KAMPPROGRAM** 🎪

💂 Kampleiers: Al die ooms 😉

📅 **VRYDAG**

🕖 19:00 – Verwelkoming
Daarna kuier ons gesellig en ontspan saam 🍻🔥

📅 **SATERDAG**

🕓 16:00 – Toeka Speletjies
🌙 SATERDAG AAND – POTJIE TYD!
Daar word twee potte gemaak:
- 🍲 Wouter: Kerrie-afvalpot
- 🍲 Marius & Johan: Lamspot
- 🍚 Samp/rys en gebakte brood word voorsien
- 🕖 Bediening: 19:00 vir 20:00

📅 **SONDAG**

🕙 10:00 – Boekevat (Wouter) 📖
🎁 Heelwat verrassings gaan lukraak uitgedeel word
☕ Daar sal 'n urn onder die lapa wees vir koffie

Die "plaaskampe" in die Rawsonville area is populêre bestemmings vir Sawanante - die wingerde, riviere en die omliggende berge. Wynproe speel miskien ook 'n rol hier.

Ons was 15 lede en 4 gaste van Noord-Boland en 1 lid van Helderberg, wat die naweek saam geniet het.

Na ***Vrydag*** se boekevat en verwelkoming is die *bos-jacuzzi* gestook, musiek is gespeel (meer nou as Toeka s'n) en daar is gekuier en gebraai. ***Saterdag*** kon almal hulle eie agendas volg: Ontbyt en wynproe was hoog op die lys. Vanaf 4nm begin die sports: Potjie voorbereidings, die vure is begin, die bos-jacuzzi gestook, 'n Toeka uitstaling en 'n veiling tafel is opgestel en Toeka (lees Boere) speletjies is geniet. Na die veiling en gepaardgaande pret is die potjies reg en aandete is geniet. Die dag is afgerond met musiek, dans en met Rikert wat ons vermaak met sy gekaraoke. Wel gedaan Rikert; die ouens het dit baie geniet.

---------------- ***OOO*** ----------------

***Sondag*** se Erediens is gelei deur Wouter; die Voorsitterstee het gevolg. Dankie vir dié wat eetgoedjies gebring het. So kom nog 'n naweek tot 'n einde en, vir die meeste van ons, was dit tyd vir kamp opbreek en huiwaarts keer.

***Dankie aan almal*** vir die wonderlike kamp en kuier. Ons is dankbaar almal is veilig tuis - kyk gerus deur die fotos onder en ervaar die naweek saam met ons.

Volgende kampe:

Sien weer te ***Hollansche Molen*** Gebiedskamp 13-15 Maart en ***Altyd Water*** 24-26 April.

***Filipe***

## WOLVENBERG:



## WYNPROE UITSTAPPIES .....




## IN EN OM DIE LAPA .....



## Toekasports



# Pryse tyd .......


Dissie fair nie, boetie!!
Welkom by Noord-Boland
Johan & Marita Schoeman
Mag nie sê watse prys Vlooi
hier gekry het nie!

## NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2026

| MAAND | DATUM | STREEK WAT AANBIED | KAMP TERREIN |
|---|---|---|---|
| *Jan* | 16 tot 18 | Helderberg | LEENTJIESKLIP, Langebaan |
| *Feb* | 13 tot 15 | Noord-Boland | WOLVENBERG, Rawsonville (TENTE KAMP) |
| *Feb* | 20 tot 22 | Suidwes-Kaap | SKIMKAMP |
| *Mrt* | 13 tot 15 | Suidwes-Kaap | HOLLANDSCHE MOLEN (GEBIEDSKAMP/MUSIEKFEES) |
| *Apr* | 24 tot 26 | Helderberg | ALTYD WATER (Draai af by Du Toitskloof Wynkelder) |
| *Mei* | 22 tot 24 | Noord-Boland | KONINGSKOP, WILGERSBOSDRIF PLAAS (18Ks VANAF PIEKENIERSKLOOF) |
| *Jun* | 12 tot 16 | Noord-Boland | KLEINE PARADYS, naby Piketberg |
| *Jul* | Geen kamp | | |
| *Aug* | 28 tot 30 | Albatros | ATKV GOUDINI, Rawsonville (GESAMENTLIKE AJV's) |
| *Sep* | 11 tot 13 | Helderberg | ONRUS WOONWAPARK, Onrusrivier |
| *Okt* | 09 tot 16 | Helderberg/Noord-Boland | APPELKOSIE, Montagu |
| *Nov* | 20 tot 22 | Noord-Boland | KLEINE EIKE, Greyton (KERKSKAMP) |
| *Des* | Geen kamp | | |

